higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3

(3011013)

15 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordboek van 19 bladsye.

318Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK (aangeheg).
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon al die berekenings om punte te verdien.
5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAGNOMMER	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1 - 4	Kortvrae (alle onderwerpe geïntegreer)	40	36 min
AFDELING B			
5	Bereken en teken waardetoegevoegde-belastingtransaksies op	40	36 min
6	Stel salaris/loonjoernale op Kleinkasstelsel	40	36 min
7	Stel rekonsiliasiestaat op	40	36 min
8	Basiese hand-administrasie van niebedryfsbates Krediteuregrootboek	40	36 min
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die … -joernaal is ‘n hulpjoernaal wat gebruik word om rente wat op ‘n gunstige banksaldo ontvang is, op te teken.

A krediteure
B kleinkas
C kontantontvangste
D kontantbetalings

1.2 Bankdiensgelde, soos onttrekkings- of depositokoste, vorm deel van …

A belastingheffings.
B bankkoste.
C maandelikse uitgawes.
D grootboekgelde.

1.3 Die bedrag wat nodig is om die kleinkas-voorskotbedrag van R1 750 te herstel, indien die totale kleinkasuitgawe vir die maand R988,40 bedra, is …

A R1 750,00.
B R761,60.
C R2 738,40.
D R988,40.

1.4 … -aftrekkings is vrywillig vir werknemers.

A WVF
B LBS
C Mediese fonds
D Pensioenfonds

1.5 Wanneer ‘n debiteur ‘n betaling aan die onderneming doen, word die debiteurekontrolerekening …

A gedebiteer.
B verhoog.
C gekrediteer.
D opgeteken.

1.6 BTW op ‘n inklusiewe bedrag van R3 652,40 is … .

A R547,86
B R476,40
C R448,54
D R511,34

Kopiereg voorbehou

1.7 … BTW word deur ‘n onderneming betaal wanneer dit goedere en dienste by sy verskaffers koop.

A Nulkoers-
B Inset-
C Belastingvrygestelde
D Uitset

1.8 … BTW word deur ‘n onderneming gehef op die verkoop van sy goedere en dienste aan klante.

A Nulkoers-
B Inset-
C Belastingvrygestelde
D Uitset-

1.9 ‘n … is ‘n rekord van alle niebedryfsbates wat deur die onderneming gekoop word.

A Inkomstestaat
B Bateregister
C Kontantvloeistaat
D Krediteurekontrolerekening in die algemene grootboek

1.10 Bedrae in die kontantontvangstejoernaal verskyn aan die kredietkant van die bankstaat, omdat die onderneming vanuit die bank se perspektief ‘n … is.

A bedryfsbate
B niebedryfsbate
C las
D eienaarsekwiteit

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	'n Twaalfmaandetydperk wat 'n onderneming volg vir die optekening van sy rekeningkundige transaksies	A	kleinkasbewys
2.2	Stelsel wat gebruik word om die kleinkassaldo teen 'n vaste bedrag te hou	B	depresiasie
2.3	Die organisasie wat vir die administrasie van Suid-Afrika se belastingstelsel verantwoordelik is	C	voorskot
2.4	Die proses om 'n ou bate te vervang	D	BTW 201
2.5	Brondokument vir die kleinkasjoernaal	E	batevervreemding
2.6	Aankoop van niebedryfsbates	F	kapitaalbesteding
2.7	Meet die daling in die waarde van niebedryfsbates	G	afslag vir vroeë betaling
2.8	Addisionele ure wat bo en behalwe normale ure gewerk word	H	finansiële jaar
2.9	Die vorm wat handelaars vir die indiening van BTW gebruik	I	handelsafslag/korting
2.10	'n Verlaging in die verkoopprys van 'n produk wat 'n verskaffer aan 'n klant toestaan	J	oortyd
		K	SAID
		L	kleinkas
		M	BTW 101

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

krediet; BTW 101; krediteurejoernaal; debiteurejoernaal; eFiling; 15%; eksklusief; bruto loon; 14%; BTW 201; bankrekonsiliasie; bankoortrekking; kleinkasbewys

3.1 Die huidige BTW-koers in Suid-Afrika is … .

3.2 'n … vorm moet voltooi word om as 'n BTW-handelaar by die SAID te registreer.

3.3 Die … is die bedrag wat aan werknemers verskuldig is voordat aftrekkings in ag geneem word.

3.4 Die proses om BTW-opgawes elektronies by die SAID in te dien, word … genoem.

3.5 Voordat BTW by die verkoopprys getel word, staan dit bekend as die BTW-… prys.

3.6 … is die proses om die transaksies in die kasboek met dié in die bankstaat te pas en te vergelyk.

3.7 Die … is die brondokument vir die kontantaankoop van 2-litermelk vir die kantoor.

3.8 Die joernaal wat gebruik worfd om alle kredietvertkope op te teken is die … .

3.9 ‘n Debietbanksaldo op ‘n bankstaat word ‘n … genoem.

3.10 Uitset-BTW word na die … kant van die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek oorgeboek.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Choose die correct term from those given in brackets. Write only die answer next to die vraag nommer (4.1–4.10) in die ANSWER BOOK.

4.1 (Inset/Uitset)-BTW word aan die debietkant van die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek opgeteken.

4.2 (Pensioen/Oortyd) is ‘n aftrekking van ‘n werknemer se salaris.

4.3 ‘n Kleinkasbewys is ‘n (interne/eksterne) brondokument wat gebruik word om kleinkasbetalings op te teken.

4.4 Uitstaande (debiteure/krediteure)-saldo’s is aan die onderneming verskuldig.

4.5 Basiese voedselsoorte soos bruinbrood en eiers is onderhewig aan (standaardkoers/nulkoers)-BTW.

4.6 ‘n Kleinkaskassier (magtig/voltooi) ‘n rekwisisie wat vir die aankoop van ‘n item goedgekeur is.

4.7 Die (oorspronklike/duplikaat-) kredietfaktuur word gebruik om die debiteurejoernaal te voltooi.

4.8 Wanneer ‘n onderneming goedere by verskaffers aankoop, betaal hulle (nulkoers/standaardkoers)-BTW.

4.9 Volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, moet dokumente vir (drie/vyf) jaar bewaar word.

4.10 ‘n Kleinkasrekening is ‘n (bate/las) vir ‘n onderneming.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

WA Equipment is ‘n geregistreerde BTW-handelaar, wat BTW teen 15% op die faktuurbasis opteken. Die onderneming gebruik nie aparte Inset- en Uitset-BTW-rekeninge nie, maar boek direk oor na die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek.

Die volgende transaksies het gedurende Junie 2021 plaasgevind:

03 Koop handelsware by Whitney Wholesalers en plaas R4 025, BTW ingesluit, via EFO oor.

06 Verkope volgens die kasregisterrol, KRR01 bedra R7 900, BTW uitgesluit (koste van verkope R3 950).

09 Ontvang faktuur AES06 van AA Electronics vir handelsvoorraad op krediet gekoop, R21 390, BTW ingesluit.

15 Betaal D Fassi via EFT2, R22 500 vir die maandelikse salaris. Daar is geen BTW op salarisse nie.

17 Reik faktuur WA01 uit aan C Nortje vir kredietverkope van goedere, R2 530, BTW ingesluit (kosprys R1 100).

19 Stuur handelsware terug aan AA Electronics, R3 588, BTW ingesluit, debietnota nommer 16.

23 Betaal Telkom R1 380, BTW ingesluit, vir die maandelikse telefoonrekening (EFT3).

24 Kontantverkope van handelsware volgens die kasregisterrol, KRR02, bedra R15 600, BTW uitgesluit (koste van verkope R7 800).

29 Reik kredietnota CN24 uit aan C Nortje, R782, BTW ingesluit, vir goedere wat deur hom teruggestuur is (koste van verkope R340).

GEVRA:

5.1 Teken die transaksies op in die relevante hulpjoernale vir Junie 2021 (nommer 5.1.1 – 5.1.6 in die ANTWOORDBOEK).

Tel slegs die BTW-kolomme in al die joernale aan die einde van die maand op. (33)

5.2 Boek slegs oor na die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek op 30 Junie 2021. Balanseer die rekening aan die einde van die maand. (7)

[40]

VRAAG 6

6.1 JMD Enterprises het jou van die volgende inligting vir Junie 2021 voorsien:

Werknemer-naam	Jaarlikse salaris	Pensioen-fonds	LBS	Mediese fonds	WVF
B Thomas	R342 000	7,5%	22%	R1 400	1%
E Swart	R322 800	7,5%	22%	R850	1%

Addisionele inligting:

- LBS word op belasbare inkomste bereken.
- Vir elke rand wat die werknemer tot die pensioenfonds bydra, dra die werkgewer R2,00 by.
- WVF word op 'n rand-vir-randbasis bygedra.
- Die werkgewer en die werknemer dra in gelyke mate tot die mediese fonds by.

GEVRA:

Gebruik die inligting hier bo om die salarisjoernaal vir JMD Enterprises vir Junie 2021 op te stel.

Rond jou antwoorde tot TWEE desimale af. (20)

6.2 Jy is die kleinkaskassier van Williams Sports Centre. Die onderneming gebruik die voorskotstelsel vir die kleinkas.

Addisionele inligting:

- Die laaste kleinkasbewysnommer gebruik, was PCV07.
- Op 1 Junie 2021 was die bedrag van die kleinkas voorhande R4 150.
- Waar van toepassing, is BTW by die transaksies ingesluit.

Die volgende kleinkastransaksie het gedurende Mei 2022 plaasgevind:

07 Betaal Petros, 'n los werker, lone vir die dag se werk, R180.

09 Betaal JKB Courier R99 vir posafleweringsdienste.

13 Betaal R205 vir 'n sjokolade-geskenkmandjie vir die eienaar se ouers.

17 Koop fotostaatpapier by NA Stationers vir kantoorgebruik, R138,95.

21 Doen 'n skenking aan R500 aan Rainbow Angels, 'n plaaslike voedingskema.

26 Koop koeldrank by Pick n Pay vir n sakevergadering, R170.

Raadpleeg die volgende tabel met betrekking tot BTW:

ITEMS	WORD BTW GEHEF?	
	JA	NEE
Koeldrank	✓	
Skenkings		✓
Onttrekkings		✓
Posgeld	✓	
Salarisse en lone		✓
Personeeluitgawes	✓	
Skryfbehoeftes	✓	

GEVRA:

6.2.1 Skryf die bostaande transaksies in die kleinkasjoernaal of Williams Sports Centre vir 31 Mei 2022 in. Tel slegs die kleinkaskolom aan die einde van die maand op. (16)

6.2.2 Herstel die voorskotbedrag van R4 150 en voltooi die kleinkasgrootboekrekening in die algemene grootboek van Williams Sports Centre op 31 Mei 2022. (4)

[40]

VRAAG 7

Die eienaar van Bright Books het jou van die volgende inligting vir Julie 2021 voorsien:

1. Die bankrekonsiliasiestaat op 30 Junie 2021 het die volgende besonderhede getoon:

Uitstaande tjeks: No. 243 R1 482
No. 261 R1 396
No. 262 R740

Debietsaldo volgens die bankrekening: R43 821.

2. KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL: Kolomtotale op 31 Julie 2021

Bank	Verkope	Diverse rekenings
R91 320	R61 200	R30 120

3. KONTANTBETALINGSJOERNAAL: Kolomtotale op 31 Julie 2021

Bank	Handelsvoorraad	Lone	Diverse rekenings
R127 518	R84 208	R28 000	R15 310

Kopiereg voorbehou

4. ‘n Vergelyking van die bankstaat van MPU Bank met die kontantontvangste- en die kontantbetalingsjoernale op 31 Julie 2021 het die volgende getoon:

(a) Die bankstaat toon ‘n kredietsaldo van R23 194.

(b) ‘n Deposito van R4 400 op 31 Julie 2021 is nog nie op die bankstaat gekrediteer nie.

(c) Die volgende tjeks is op 31 Julie 2021 nog nie vir betaling aangebied nie:

No. 261 R1 396
No. 262 R740
No. 271 R6 925

(d) ‘n Bedrag van R428 vir rente op ‘n kredietsaldo het op MPU Bank se bankstaat verskyn, maar nie in die onderneming se boeke nie.

(e) ‘n Tjek vir R1 340 ontvang van S le Roux ten aansien van huur, is deur die bank gedishonoreer weens onvoldoende fondse.

(f) Bankkoste ten bedra van R328 het net op die bankstaat verskyn.

(g) Die bankstaat toon ‘n maandelikse debietorder ten aansien van versekeringspremie vir Sanlam, R2 350.

(h) ‘n Bedrag van R14 500 is direk in die onderneming se tjekrekening betaal. Hierdie bedrag is van ‘n klant, J Jegels, ontvang.

7.1 7.1.1 Maak aanvullende inskrywings in die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal van Bright Books op 31 Julie 2021.

Tel slegs die bankkolomme in albei joernale op. (14)

7.1.2 Boek oor na die bankrekening in die algemene grootboek en balanseer die bankrekening op 31 Julie 2021. (4)

7.1.3 Stel die bankrekonsiliasiestaat op van Bright Books op 31 Julie 2021. (7)

7.2 Die volgende inligting is uit die boeke van Sedibeng Blankets verkry. Ignoreer BTW vir hierdie vraag.

Saldo’s uit die debiteuregrootboek oorgeneem op 31 Julie 2022:

J Roux	R14 500
L Hlwati	R7 240
L Viviers	R13 200

Kopiereg voorbehou

- Die debiteurekontrolerekening in die algemene grootboek het ‘n debietsaldo van R34 940 op 31 Julie 2022 gehad.

By nadere ondersoek is daar bevind dat die volgende inligting op die bankstaat van 31 Julie 2022 verskyn het. Hierdie transaksies is nie in die onderneming se boeke ingeskryf nie:

- ‘n Tjek vir R3 700 ontvang en opgeteken, van L Hlwati, is deur die bank teruggestuur, as V/T (Verwys na Trekker) gemerk. Hierdie transaksie is nie opgeteken nie.
- J Roux het die volle bedrag verskuldig ter vereffening van sy rekening op 31 Julie 2021 gedeponeer.

GEVRA:

Gebruik die inligting hier bo en voltooi die volgende:

7.2.1 Teken die bostaande twee transaksies op in die Algemene Joernaal van Sedibeng Blankets op 31 Julie 2022.

Let wel: Die Kontantontvangste- en Kontantbetalingsjoernaal word NIE gevra nie. (6)

7.2.2 Voltooi en balanseer die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek van Sedibeng Blankets op 31 Julie 2022. (4)

7.2.3 Stel die Debiteurelys van Sedibeng Blankets op 31 Julie 2022 op. (5)
[40]

VRAAG 8

8.1 Die volgende inligting is uit EKTA Carpets se rekords verkry.

Batebeskrywing	Yoga-skootrekenaar
Gekoop by	HP Computer Wholesalers
Reeksno.	LY 442
Aankoopdatum	1 Januarie 2019
Kosprys	R7 800
Depresiasiekoers	10% op dalende saldo

Die finansiële tydperk het op 30 Junie 2021 geëindig.

GEVRA:

Voltooi die bateregister en bereken die depresiasie op die bogenoemde bate vanaf die aankoopdatum tot op 30 Junie 2021. Rond jou antwoorde af tot die naaste rand, waar nodig. (20)

Kopiereg voorbehou

8.2 Ndou Cashand Carry het onlangs, op 30 Junie 2021, een van sy afleweringsvoertuie verkoop. Die kosprys van die voertuig was R179 000 en die opgelope depresiasie op die verkoopsdatum was R41 700. Dit is vir R84 200 kontant verkoop.

Saldo's op 1 Junie 2021:

Voertuie	R472 000
Opgelope depresiasie op voertuig	R193 000

GEVRA:

Voltooi en balanseer die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek van Ndou Cash and Carry op 30 Junie 2021:

8.2.1 Voertuig (3)

8.2.2 Opgelope depresiasie op voertuig (3)

8.2.3 Batevervreemding (4)

8.3 'n Onervare boekhouer van Nikoshay Traders het die volgende rekening van P Mbatha, in die Krediteuregrootboek vir Junie 2021 opgestel. Die eienaar is oortuig dat daar foute in die rekening is:

Datum	Besonderhede	Fol	Debiet	Krediet	Saldo
1 Junie	Rekening gelewer				17 938
10	Faktuur no. 41	KJ	2 731		20 669
14	Joernaaldebiete	AJ		669	21 338
21	Debietnota no. 13	KKJ	142		21 480
28	Tjek no. 31	KBJ		9 400	12 080
	Tjek no. 31 (afslag ontvang)	KBJ		260	11 820

Addisionele Inligting:

- Die joernaaldebiete op 14 Junie 2021 was R696 en nie R669.

GEVRA:

Stel die rekening van P Mbatha in die Krediteuregrootboek op 30 Junie 2021 op, en korrigeer al die foute. (10)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou